KENNISGEWING VAN OMGEWINGMAGTIGINGPROSES

VOORGESTELDE ONTMANTELING VAN DIE BESTAANDE CLOCOLAN - FICKSBURG 88 KV KRAGLYN EN DIE OPRIGTING VAN DIE NUWE MARALLANGENG SUBSTASIE NABY FICKSBURG, SETSOTO PLAASLIKE MUNISPALITEIT, VRYSTAAT

In terme van die gewysigde Omgewingsimpakstudieregulasies (hierna die OIS Regulasies), wat gepubliseer is onder die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur 1998 (Wet Nr. 107 van 1998) (NEMA), soos gewysig, word kennisgewing heirmee gegee van die voorneme van Eskom Holdings SOC Limited (Eskom) om die bestaande 88 kV kraglyn te verwyder en te verskuif vanaf die Clocolan Substasie na die Ficksburg Munisipale Substasie en om die nuwe 2 x 20 MVA Marallaneng 88/11 kV Substasie en verwante infrastruktuur naby Ficksburg, in die Setsoto Plaaslike Munisipaliteit, Vrystaat, te bou.

LIGGING VAN DIE VOORGESTELDE PROJEK

Die 80m x 80m ligging van die substasie is ongeveer 3 km van Ficksburg in die suidwestelike buitewyke van die dorp en ongeveer 370m suid van die R26. Die plaasnaam van die eiendom is die Restant van Ficksburg Dorpgronden 75, wat besit word deur die Setsoto Plaaslike Munisipaliteit.

OMGEWINGSMAGTIGING

In terme van die gewysigde OIS Regulasies gee Eskom se voorgestelde ontwikkeling aanleiding tot 'n aantal genoteerde aktiwiteite in terme van Noteringskennisgewings 1 en 3 (GNR 983 en 985 van 8 Desember 2014) (soos gewysig), wat omgewingsmagtig vereis ná die onderneming van 'n Basiese Assessering (BA). The Basiese Assesseringsverslag sal voorgelê word aan die Departement van Omgewingsake (DOS) vir hersiening en besluitneming. Die relevante watergebruiksregistrasie- of aansoekproses, vir watergebruike in terme van die Nasionale Waterwet (NWW), sal onderneem word deur konsultasie met die Departement Water en Sanitasie (DWS).

UITNODIGING OM DEEL TE NEEM

Belangstellende en Geaffekteerde Partye word versoek om met ACER (Africa) Environmental Consultants te registreer en hulle kommentaar te verskaf. 'n Dokument met Agtergrondinligting en 'n Kennisgewingsbrief, tesame met 'n Registrasie- en Kommentaarblad, is verkrygbaar vanaf die Openbare Deelname Kantoor.

Om as 'n Belangstellende en Geaffekteerde Party te registreer en om verdere inligting in verband met die voorgestelde ontwikkeling te ontvang, kontak asseblief die Openbare Deelnaam Kantoor teen:

10 November 2017

Keagan Kruger ▸Posbus 503, Mtunzini, 3867▸Tel: 035 340 2715
▸Faks: 035 340 2232 ▸E-pos: marallaneng.substation@acerafrica.co.za

Datum van advertensie: 11 Oktober 2017